## 15.5 RAPPORT 5 – DEPUTATE DIAKONALE SAKE – NOODTOESTANDE (Art 81)

## 15.5 REPORT 5 – DEPUTIES DIACONAL AFFAIRS – EMERGENCY CONDITIONS (Art 81)

A. Ds FJ Potgieter stel die Rapport.
Rev. FJ Potgieter tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. Ds PF Venter lei die vergadering in gebed waarin die Here gedank word vir sy genade en voorsienigheid.
Rev. PF Venter leads the meeting in prayer thanking the Lord for his grace and providence.

D. Die te benoeme Deputate Diakonale Sake versprei die Reglement na al die kerke se diakonieë.
The to be appointed Deputies Diaconal Affairs distribute the Regulations to all the churches' diaconates.

E. **RAPPORT / REPORT**

| **1. Opdrag: (Acta 2003:147, 2.2.2.1)** | **1. Mandate: (Acta 2003:147, 2.2.2.1)** |
|---|---|
| 1.1 Die primêre opdrag is om in samewerking met plaaslike diakonieë, ook in ander Sinodes, daadwerklike en deurlopende hulp te verleen aan alle mense wat geen kos, klere en onderdak het nie. In die hulpverlening moet voorkeur gegee word aan aansoeke waar noodlydendes in staat gestel word om in groter mate selfversorgend te word. | 1.1 The primary task is to offer, in cooperation with local diaconates, also those of other Synods, real and continuous aid to all people in need of food, clothing and shelter. This aid must give preference to applications in which such aid can increase the applicant’s ability to take care of themselves. |
| 1.2 Stel ondersoek in na noodsituasies en -toestande binne en buite die Republiek van Suid-Afrika. Bekom gegewens oor die nood van geloofsgenote binne en buite die GKSA en ook van ander (Gal 6:10). | 1.2 Investigate emergency conditions within and outside the Republic of South Africa. Obtain information over the need of fellow believers within and outside of the GKSA and also others (Gal. 6:10). |
| 1.3 Maak en behou kontak met ander kerklike instansies, liggame en instellings wat gemoeid is met soortgelyke hulpverlening. | 1.3 Make and maintain contact with other church institutions, bodies and institutions involved in similar support services. |
| 1.4 Gee aan die Kerke inligting en advies oor tersaaklike hulpverlening. | 1.4 Communicate information and advice over the relevant support provided to the churches. |
| 1.5 Kry opdrag om alle behoeftes onder die aandag van kerke en diakonieë te bring en bydraes tot die Fonds vir Noodtoestande te vra. | 1.5 Bring all need to the attention of the churches and diaconates and request contributions to the Emergency Fund. |
| 1.6 Dra daartoe by, sover moontlik, dat die uitdeling van hulp volgens die eise van die amp van diaken sal geskied. | 1.6 Ensure, as far as possible, that the distribution of support occur according to the stipulations of the office of deacon. |
| 1.7 Vind weë en middele om hulle werk aan die kerke in die ressort van die Algemene Sinode bekend te stel. | 1.7 Find ways and means to explain their work to the churches through the General Synod. |

| | |
|---|---|
| 1.8 Wys by konstituering iemand uit eie geledere aan om in samewerking en in oorleg met Deputate vir Radio en TV, sake na Radio, TV en kerklike nuusblaaie deur te stuur. | 1.8 Appoint, upon constitution, someone from within to send in cooperation and consultation with the Deputies for Radio and TV, information to Radio and TV stations and church newsletters. |
| 1.9 Lig kerke in oor hulle opdrag en voorsien diakonieë van die toepaslike aansoek-vorms. | 1.9 Inform churches of this instruction and provide diaconates with the appropriate application forms. |
| 1.10 Die Deputate moet in hulle Rapport aan die Sinode besonderhede van die hulpverlening aan kerke en instansies verskaf. | 1.10 The Deputies must report to the Synod on the aid offered to churches and institutions. |
| **Besluit: Punte 1.1 tot 1.10 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.1 to 1.10 noted.** |
| **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **2. Matters that the Synod takes note of** |
| 2.1 Gedurende hierdie termyn het die Deputate die fonds jaarliks op ‘n vasgestelde bedrag van R200 000 gehou. Sodra die Deputate bewus geword het van nood, is briewe aan diakonieë gerig om die spesifieke nood onder hul aandag te bring. | 2.1 Over the course of the term the Deputies kept the fund at a set yearly amount of R200 000. As soon as the Deputies became aware of need, they communicated this to the diaconates. |
| 2.2 *Sake wat aandag geniet het en waarvoor toekennings gemaak is:* | 2.2 *Causes that received attention and donations were* |
| 2.2.1 Hulp in dele van die Wes-Kaap met droogte. | 2.2.1 Drought relief to parts of the Western Cape. |
| 2.2.2 Hulp in Zimbabwe deur die diakonie van Messina. | 2.2.2 Aid to Zimbabwe through the Deaconate of Messina. |
| 2.2.3 Hulp in Mozambiek en KwaZulu-Natal na vloede. | 2.2.3 Flood relief to Mozambique and KwaZulu Natal. |
| 2.2.4 Hulp tydens droogte in groot gedeeltes van Noord-Kaap/Wes-Kaap. | 2.2.4 Drought relief to large parts of the Western/Northern Cape. |
| 2.2.5 Hulp na brande in Vrystaat, Noord-Kaap en Noordwes. | 2.2.5 Aid after fires in the Free State, Northern Cape and North West. |
| 2.2.6 Hulp na plundery in KwaZulu-Natal. | 2.2.6 Aid after looting in KwaZulu Natal. |
| 2.2.7 Hulp na brande in die Noord-Kaap. | 2.2.7 Aid after fires in the Northern Cape. |
| 2.2.8 Hulp na vloede in Brazilië. | 2.2.8 Flood relief to Brazil. |
| 2.2.9 Hulp in Oekraine na oorlog uitgebreek het. | 2.2.9 Aid to the Ukraine during war. |
| 2.2.10 Hulp na vloede in KwaZulu-Natal. | 2.2.10 Flood relief to KwaZulu Natal. |
| 2.3 Hoewel die saak van die beskikbaarheid van hulpverlening aan diakonieë vir noodleniging gereeld in die kerkverband bekend gemaak word, ontvang die Deputate weinig aansoeke om hulp uit die noodfonds terwyl die vermoede bestaan dat daar tog nood bestaan. Die Deputate word genoodsaak om kragtens die Sinode-opdrag na aanleiding van mediaberigte self navraag te doen na nood wat mag bestaan. | 2.3 Although the availability of funds for aid is regularly brought to the attention of the diaconates of the churches, the Deputies rarely receive applications for such aid when it’s suspected that there may well be such need. This necessitates the Deputies to make enquiries about possible, as instructed by the Synod, after media reports. |
| 2.4 Daar was enkele gevalle gewees waar die Deputate navraag ontvang het in verband met die versorging van emeriti. Dit is na die Deputate se oordeel nie ‘n | 2.4 The Deputies did receive one or two enquiries about the care of emeriti, which is not in the Deputies opinion a matter for this fund. |

| | |
|---|---|
| saak wat op Noodtoestande se tafel tuis hoort nie. | |
| **Decision: Points 2.1 tot 2.4 kennis geneem.** | **Decision: Points 2.1 to 2.4 noted.** |
| **3. Sake waaroor die Sinode besluit**<br><u>Aanbeveling</u> | **3. Matters that the Synod decides on**<br><u>Recommendation</u> |
| 3.1 *Dat die opdrag in Punt 1 soos volg gewysig word:* | 3.1 *The Mandate in Point 1 is to be revised as follows:* |
| 3.1.1 Om in samewerking met plaaslike diakonieë daadwerklike hulp te verleen aan alle mense wat weens buitengewone omstandighede in nood verkeer en dringende hulp nodig het om aan basiese middele te voorsien. | 3.1.1 Offer, in cooperation with local diaconates, real aid to all people in need due to extraordinary circumstances and who need urgent assistance to provide in their basic needs. |
| 3.1.2 Stel ondersoek in na noodsituasies en -toestande binne en buite die Republiek van Suid-Afrika. Bekom gegewens oor die nood van geloofsgenote binne en buite die GKSA en ook van ander (Gal 6:10). | 3.1.2 Investigate emergency conditions within and outside the Republic of South Africa. Obtain information over the need of fellow believers within and outside of the GKSA and also others (Gal. 6:10). |
| 3.1.3 Maak en behou kontak met ander kerklike instansies, liggame en instellings wat gemoeid is met soortgelyke hulpverlening. | 3.1.3 Make and maintain contact with other church institutions, bodies and institutions involved in similar support services. |
| 3.1.4 Gee aan die Kerke inligting en advies oor tersaaklike hulpverlening. | 3.1.4 Communicate information and advice to the churches over the relevant support provided. |
| 3.1.5 Kry opdrag om alle behoeftes onder die aandag van kerke en diakonieë te bring en bydraes tot die Fonds vir Noodtoestande te vra. | 3.1.5 Bring all need to the attention of the churches and diaconates and request contributions to the Emergency Fund. |
| 3.1.6 Dra daartoe by, sover moontlik, dat die uitdeling van hulp volgens die eise van die amp van diaken sal geskied. | 3.1.6 Ensure, as far as possible, that the distribution of support occur according to the stipulations of the office of deacon. |
| 3.1.7 Hou diakonieë op hoogte van hulpverlening deur kwartaallikse terugvoering indien nodig. | 3.1.7 Keep diaconates informed of support provided on a quarterly basis, if necessary. |
| 3.1.8 Die Deputate moet in hulle Rapport aan die Sinode besonderhede van die hulpverlening aan kerke en instansies verskaf. | 3.1.8 The Deputies must report to the Synod on the aid offered to churches and institutions. |
| 3.2 *Dat die Reglement vir die Fonds vir Noodtoestande goedgekeur sal word:* | 3.2 *The Regulations for the Fund for Emergency Conditions are to be approved.* |
| <u>**REGLEMENT VAN DIE DEPUTATE DIAKONALE SAKE SE FONDS VIR NOODTOESTANDE**</u> | <u>**REGULATIONS OF THE FUND FOR EMERGENCY CONDITIONS OF THE DEPUTIES DIACONAL AFFAIRS**</u> |
| **1. Sinodale magtiging** | **1. Synodal authorisation** |
| 1.1 Kragtens ‘n besluit van die Nasionale Sinode 2003 kry die Deputate die opdrag om alle behoeftes onder die aandag van die kerke en diakonieë te | 1.1 In accordance with a decision of the National Synod 2003 the Deputies are instructed to bring all need to the attention of the churches and diaconates |

| | |
|---|---|
| bring en bydraes tot die Fonds vir Noodtoestande te vra (Acta 2003:147, 2.2.2.1.5). | and request contributions to the Emergency Fund (Acta 2003:147, 2.2.2.1.5). |
| 1.2 Op dieselfde Sinode het die Deputate opdrag gekry om die Fonds vir Noodtoestande uit te bou sodat die GKSA meer effektief na mense in nood kan uitreik (Acta 2003:147, 2.2.2.1.11). | 1.2 The Deputies were instructed at the same Synod to grow the Emergency Fund that the GKSA may reach out to people in need more effectively (Acta 2003:147, 2.2.2.1.11). |
| **2. Naam van die fonds** | **2. Name of the fund** |
| 2.1 Noodtoestande. | 2.1 Emergency Fund. |
| **3. Doel van die fonds** | **3. Objective of the fund** |
| 3.1 Finansiële hulp en advies te verleen aan diakonieë. | 3.1 Offering financial aid and advice to diaconates. |
| 3.2 Finansiële hulp te verleen waar daar 'n noodtoestand ontstaan het. | 3.2 Offering financial aid in emergencies. |
| **4. Beheer** | **4. Management** |
| 4.1 *Die Deputate Diakonale Sake* | 4.1 *The Deputies Diaconal Affairs* |
| 4.1.1 Die Algemene Sinode wys Deputate vir Diakonale Sake aan om in die uitvoering van die Sinode opdragte die doelstellings van die fonds na te kom, aan die vereistes van die Reglement te voldoen en daadwerklike pogings aan te wend om die Fonds vir Noodtoestande uit te bou. | 4.1.1 The General Synod appoints the Deputies Diaconal Affairs to fulfil the objectives of the fund in the execution of the Synod's instructions, to comply with the requirements of the fund's regulations and make concerted efforts to grow the Emergency Fund. |
| 4.1.2 Die SDDS Maatskappy bestuur die Fonds vir Noodtoestande tot voordeel van die Deputate Diakonale Sake en die GKSA. | 4.1.2 The SDDS Company manages the Emergency Fund to the benefit of the Deputies Diaconal Affairs and GKSA. |
| 4.1.3 Die SDDS Maatskappy rapporteer kwartaalliks aan die Deputate Diakonale Sake. | 4.1.3 The SDDS Company reports quarterly to the Deputies Diaconal Affairs. |
| 4.2 *Samestelling van die diensgroep vir Noodtoestande* | 4.2 *Composition of the service group for Emergency Conditions:* |
| 4.2.1 Die Deputate Diakonale Sake wys uit eie geledere minstens 4 kundiges aan om namens die Deputate Diakonale Sake die Fonds vir Noodtoestande te dien. | 4.2.1 The Deputies Diaconal Affairs internally appoints at least 4 experts to attend to the Emergency Fund on behalf of the Deputies Diaconal Affairs. |
| 4.2.2 Hierdie diensgroep vir Noodtoestande sal kwartaalliks terug rapporteer aan die Deputate Diakonale Sake. | 4.2.2 This service group for Emergency Conditions will report to the Deputies Diaconal Affairs on a quarterly basis. |
| 4.3 *Taak van die diensgroep vir Noodtoestande* | 4.3 *Task of the service group for Emergency Conditions* |
| 4.3.1 Om namens die Deputate Diakonale Sake, deur plaaslike diakonieë of ander instellings, | 4.3.1 Offer, by means of local diaconates or other institutions, financial aid and advice to those |

| | |
|---|---|
| finansiële hulp en advies aan Noodlydendes te verleen.<br>4.3.2 Om hulp en advies aan diakonieë en Klassisse te koördineer.<br>4.4 *Termyn van die diensgroep vir Noodtoestande*<br>4.4.1 Die termyn vir die diensgroep Noodtoestande is, soos die termyn van die Deputate Diakonale Sake, van Algemene Sinode tot Algemene Sinode. | in need on behalf of the Deputies Diaconal Affairs.<br>4.3.2 Offer aid and advice to diaconates and coordinate classes.<br>4.4 *Term of the service group for Emergency Conditions*<br>4.4.1 The term of the service group for Emergency Conditions is the same as the term of the Deputies Diaconal Affairs, from General Synod to General Synod. |
| **5. Fondse**<br>5.1 Fondse word verkry deur bydraes (sluit o.a. in spesiale kollektes, vrywillige bydraes van kerke en diakonieë, skenkings) te ontvang nadat die nood onder kerke/diakonieë bekend gemaak is.<br>5.2 Die diensgroep vir Noodtoestande bestuur die Fonds vir Noodtoestande.<br>5.3 Die finansiële boekjaar is 1 April tot 31 Maart. | **5. Funds**<br>5.1 Funds are accrued by means of contributions (including *inter alia* special collections, voluntary contributions by churches and diaconates, donations) once the need has been communicated to churches/diaconates.<br>5.2 The service group for Emergency Conditions manages the Emergency Fund.<br>5.3 The fiscal year is 1 April to 31 March. |
| **6. Administrasie**<br>6.1 Die administrasie van die fonds is opgedra aan die Administratiewe Buro van die GKSA wat die fonds volgens neergelegde finansiële beleid bestuur.<br>6.2 Die Deputate Diakonale Sake en die SDDS maatskappy ontvang kwartaalliks ‘n uiteensetting van die stand van fondse. | **6. Administration**<br>6.1 The fund is administered by the Administrative Bureau of the GKSA that manages the fund according to the set financial policy.<br>6.2 The Deputies Diaconal Affairs and SDDS Company receive a quarterly breakdown on the status of the fund. |
| **7. Aanvra van fondse**<br>7.1 Enige diakonieë kan deur die Skakeldeputaat aansoek doen vir hulpverlening.<br>7.2 Elke aansoek word op eie meriete hanteer om uitvoering te gee aan die opdrag wat ontvang is (Acta 2003:147, 2.2.2.1). | **7. Request for funds**<br>7.1 Any deaconate can apply to the contact deputy for aid.<br>7.2 Every application is considered on merit to fulfil the set instruction (Acta 2003:147, 2.2.2.1). |
| **8. Aanwending van die fondse**<br>8.1 Die diensgroep vir Noodtoestande wend fondse aan waar daar dringende nood is wat nie deur die plaaslike gemeente en Klassis alleen hanteer kan word nie.<br>8.2 Nadat die aansoek vir hulpverlening aan ‘n betrokke diakonie/instansie hanteer is word die fondse wat goedgekeur is aan die betrokke | **8. Application of funds**<br>8.1 The service group for Emergency Conditions spends the funds to relieve urgent need when the local congregation and Classis cannot shoulder the burden alone.<br>8.2 Once the application for aid to a particular diaconate/institution has been processed, the approved funds are paid |

| | |
|---|---|
| diakonie/instansie oorbetaal om die dringende nood effektief aan te spreek.<br>**Besluit: Punt 3 word in sy geheel goedgekeur.** | over to the relevant deaconate/institution to effectively address urgent need.<br>**Decision: Point 3 in its entirety approved.** |